kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Psalm 90 (1953)

[1] 'n GEBED van Moses, die man van God. Here, U was vir
ons 'n toevlug van geslag tot geslag.
[2] Voordat die berge gebore was en U die aarde en die
wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is
U God.
[3] U laat die mens terugkeer tot stof en sê: Keer terug, o
mensekinders!
[4] Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit
verbyskiet, en soos 'n nagwaak.
[5] Weggespoel het U hulle; hulle word 'n slaap; in die môre
is hulle soos die gras wat weer uitspruit:
[6] in die môre bloei dit en spruit weer uit; in die aand sny 'n
mens dit af, en dit verdor.
[7] Want ons vergaan deur u toorn, en deur u grimmigheid
word ons verskrik.
[8] U stel ons ongeregtighede voor U, ons verborge sondes in
die lig van u aangesig.
[9] Want al ons dae gaan verby deur u grimmigheid, ons
bring ons jare deur soos 'n gedagte.
[10] Die dae van ons jare — daarin is sewentig jaar, of as ons
baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is
moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg
daarheen.
[11] Wie ken die sterkte van u toorn en u grimmigheid,
ooreenkomstig die vrees wat aan U verskuldig is?
[12] Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag
bekom!
[13] Keer terug, HERE! Tot hoe lank? En ontferm U oor u
knegte.
[14] Versadig ons in die môre met u goedertierenheid, sodat
ons kan jubel en bly wees in al ons dae.
[15] Maak ons bly na die dae waarin U ons verdruk het, na
die jare waarin ons onheil gesien het.
[16] Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid
oor hulle kinders.
[17] En laat die lieflikheid van die HERE onse God oor ons
wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die
werk van ons hande, bevestig dit!

Tema: Brett Archibald en tweede kanse
Wat sou jy anders doen?

Broodjies vir die Pad

Peter Ochs is leading a bold new approach to scriptures that purposely attempts to free reading and interpretation from the confines of Modernity. In May 2002 he published a summary of the goals of this project in The Journal of Scriptural Reasoning, which includes a fearless assertion of the centrality of scriptures for the ills of Modernity. Ochs insists: "To hear is ultimately to read, and to read is, ultimately, to read scripture. At the beginning of all our re-creative activity is the reading of scripture." But he goes further: "This reading of scripture is within an activity of redemptively responding to the destructions of our age and the inadequacies of merely modern answers to that destruction. The redemptive activity of reading is more than just reception. It is to receive the words of scripture as directives to us: that we should heal the burdens of modernity and that we should heal them in certain ways."

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/05/sixth-sunday-of-easter-year-c.html

◆◆◆

Bijna-doodervaringen (BDE) maken zo'n indruk dat we ze ook na lange tijd beter herinneren dan ervaringen uit het gewone leven. Het lijkt erop dat BDE's geen hersenspinsels zijn, maar dat 'patiënten' wel degelijk iets hebben meegemaakt.

Dat concludeert een groep rond de Luikse neuropsycholoog Vanessa Charland-Verville. De wetenschappers beschrijven de bevindingen van hun onderzoek deze maand in het wetenschappelijke tijdschrift PLOS ONE.

Hoewel er de afgelopen decennia aardig wat onderzoek is gedaan naar bijna-doodervaringen blijven veel zaken onduidelijk. Sommige wetenschappers gaan er vanuit dat BDE's worden veroorzaakt door een zuurstoftekort of een eigenaardig samenspel van stoffen in de hersenen.

Warmte en tunnels van licht
'Getuigen' spreken veelal van dezelfde herinneringen. Ze zouden uit hun lichaam zijn getreden, gereisd hebben in een tunnel en overweldigd zijn door warmte en licht. Sommigen claimen dat ze overledenen zijn tegengekomen of dat ze te horen kregen dat ze terug moesten keren naar hun lichaam. Velen gaan er vanuit dat BDE's niet meer zijn dan speciale hallucinaties, anderen spreken van een spirituele ervaring.

De theorie dat die 'getuigen' een valse herinnering hebben opgepikt kan volgens Charland-Verville in ieder geval naar de prullenmand. Bijna-doodervaringen voelen ook na lange tijd zo 'echt' aan dat er wel degelijk iets gebeurd moet zijn. Sterker nog: de herinnering aan een BDE lijkt 'echter' dan andere herinneringen. Zelfs bruiloften en de geboorte van het eigen kroost scoren lager.

De onderzoekers baseren zich op een psychologische test waarbij getuigen moesten aangeven hoeveel ze zich van een bepaald voorval herinnerden. Hoe meer details ze noemden, hoe levendiger de herinnering. Daarmee is

overigens niet bewezen dat mensen tijdens een bijna-doodervaring werkelijk een 'reis' maken.

Neurochirurg 'bekeerde' na een bijna-doodervaring
Het kamp dat BDE's beschouwt als een spiritueel fenomeen kreeg er vorig jaar een vurig pleitbezorger bij. De 'aanvankelijk sceptische' Amerikaanse neurochirurg Eben Alexander beschrijft in zijn bestseller 'Proof of Heaven' hoe hij tijdens een coma naar een andere wereld reisde.

Hij zou in contact zijn geweest met 'glinsterende wezens die langs de hemel zweefden' en een vrouw die 'zonder woorden' tot hem sprak. 'De boodschap waaide door me heen als de wind', vertelde Alexander in tijdschrift Newsweek. 'Ik begreep direct dat hij waar was - op dezelfe manier als ik weet dat de werkelijkheid op aarde waar is.'

http://www.trouw.nl/tr/nl/5091/Religie/article/detail/3424055/2013/04/11/Bijna-doodervaring-is-geen-verzinsel.dhtml

◆◆◆

'Grootste' teoloog ná 21 jaar vereer

deur Neels Jackson

Versoening en geregtigheid. Ongeëwenaarde integriteit. Die teoloog met die grootste statuur wat Suid-Afrika tot nog toe gehad het.

Dit is hoe daar gepraat word oor prof. David Bosch, wat nou, net meer as 21 jaar ná sy dood in 'n motorongeluk, deur sy land vereer is met die Orde van die Baobab in silwer.

In die amptelike huldiging word verwys na sy onselfsugtige stryd om gelykheid in verdeelde kerke en in die samelewing en na sy verbintenis tot gemeenskapsopheffing in die besonder.

In die proses, word gesê, het hy die waardes van nie-rassigheid teen die hoofstroom van sy kultuur in uitgeleef.

Sy weduwee, Annemie, het eergister by die oorhandiging gesê haar man was verbind tot versoening en geregtigheid. Sy wens hy was daar. Hy het dit dubbel en dwars verdien.

Prof. Willem Saayman, jare lange kollega en vriend, het gister gesê sy reaksie is "jubilasie".

"Dit is hoekom die ordes daar is; om mense soos Bosch te vereer."

Hy het integriteit gehad wat deur mense oor die spektrum vertrou is. Aan die een kant was hy een van die vroeë Suid-Afrikaners wat gesprek met die ANC gevoer het, maar aan die ander kant het hy ook die regering se oor gehad. Hy is in kerklike kringe vertrou deur dr. Beyers Naudé aan die een kant en deur prof. Johan Heyns aan die ander kant.

Self het hy ten spyte van sy uitgesproke teenkanting van apartheid in die NG Kerk gebly, maar by sy standpunte gebly en nooit sy integriteit ingeboet nie.

Saayman het gesê Bosch het as sendingwetenskaplike internasionale statuur bereik soos deur geen ander Suid-Afrikaanse teoloog nie, dalk met die uitsondering van Andrew Murray.

Bosch se baanbrekerboek, *Transforming Mission*, is in 16 tale vertaal en daar is al meer as 70 000 verkoop. Selfs in lande soos Rusland, China en Japan word sendingwetenskap gedoseer op grond van Bosch se werk.

Hy was in 1979 aan die stuur van die Sacla, 'n omvangryke byeenkoms waarop meer as 6 000 mense van verskillende rasse en kerke vergader het oor die kerk se roeping in Suid-Afrika.

Hy was ook aan die stuur van die Nasionale Inisiatief vir Versoening, wat teen die einde van die ou Suid-Afrika probeer het om klowe tussen groepe te oorbrug.

http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Grootste-teoloog-na-21-jaar-vereer-20130428

Brood vir die Pad

'Lewe vir altyd verander'

deur Marelize Potgieter

"Alles het nuwe betekenis en my lewe is vir altyd verander."

So sê Brett Archibald, die Kapenaar wat meer as 28 uur in die water deurgebring het nadat hy tydens 'n branderry-vakansie in Indonesië van 'n boot afgeval het.

"Dit was aartsengele wat my opgepas het... Dis 'n wonderwerk; 'n mens is nie veronderstel om so iets te oorleef nie."

Archibald (50) was saam met agt skoolvriende op die vakansie. Hulle het Sondag weer in Kaapstad geland.

Die lenige sakeman lyk professioneel in sy stylvolle denimbroek en netjiese Polo-kraaghemp.

"Dit gaan goed. Ek het ongelooflik baie innerlike vrede en is so dankbaar dat ek lewe.

"Ek dink ek het 'n lekker tjank nodig, maar dit sal nog kom. Nou ervaar ek elke dag net soveel vreugde."

Elke oomblik van sy ontbering is nog glashelder, sê Archibald.

Hy het die betrokke nag gedink hy is besig om te droom.

"In die droom het ons by die *surf spot* aangekom en my vriende het my wakker gemaak deur water in my gesig te gooi.

"Ek kan nog onthou ek het gedink: Nee, ouens, moenie die bed natmaak nie. Toe maak ek my oë oop. Ek het in die rondte getuimel en die boot het in die verte verdwyn."

Hy het van die begin af geweet hy is in groot moeilikheid.

"Jy kan nie sommer uit so iets kom nie. Dit is 150 seemyl oor daardie kanaal en daar is niks. Ek dink dit is hoekom ek so kalm was. Ek het geweet vandag ontmoet ek my Skepper."

Hy het begin om op spesifieke goed te konsentreer.

“Ek het alles uitgewerk. Ek het geweet dit sal ses uur duur voordat almal begin wakker word en besef ek is weg. So, in die beste omstandighede sou dit 12 uur duur as hulle omdraai om my te kry en in die slegste omstandighede so 16 uur. Ek het geweet as ek gered wou word, moes ek so lank oorleef.”

Hy het in die rigting van die boot geswem.

“Ek het uitgewerk hoe ver ek beweeg het deur die hale borsslag wat ek doen, te tel en dit terug te werk na die getal lengtes wat dit in die gimnasium se swembad is.”

Daar was ’n paar gevare wat hom amper ondergekry het, maar op ’n vreemde manier ook aan die gang gehou het.

“Eers was dit die bloublasies. Dit het omtrent vier keer gebeur. Hulle brand jou oor jou hele lyf, en toe het die jellievis my gesteek...

“Met die jellievis was ek op een van my laagtepunte, maar as ek nou daaraan dink, was dit energiestrome wat deur my gestuur is. Ek dink dit het gehelp om my aan die lewe te hou.”

Die voorval met die haai was nog ’n aanduiding dat hy nie veronderstel was om moed op te gee nie, sê Archibald.

“Hy het my ’n stamp onder die water gegee. Ek het nie te veel aandag daaraan gegee nie, want ek is heeltyd deur goed gestamp. Maar toe stamp hy my wéér. Ek het gedink: ‘Uh oh...’

“Ek het stadig omgedraai en onder die water ingesak. Dit was ’n swartvin-rifhaai. Ek het geweet, want ek ken haaie.

“Hy het om my gesirkel en na my gekyk. Ek het na hom gekyk en toe is hy skielik weg.”

Die seevoëls het hom ook probeer bykom en een het ’n gat in sy neus gepik.

“Ek het een probeer vang, want ek het gedink ek kan sy kop afruk en die bloed drink. Dit is hoe dors ek was.”

Hy het heeltyd lang gesprekke met homself gevoer, met mense, sy vrou en sy familielede. “Ek het selfs in ’n stadium ’n gesprek met my mond gehad. Ek het gesê: ‘Maak spoeg.’ Dan sou ek hard konsentreer en ’n klein bietjie spoeg maak.”

Toe dit aand word, het hy baie bekommerd geraak.

“Hoe gaan ek deur die nag kom? Wat moet ek doen? Hoe moet ek dit struktureer? Die volgende tien uur was mal.”

Teen 04:00 het hy ligte op die vasteland gesien.

“Dit het my nuwe energie gegee. Ek het geswem en geswem en die stroom het my nader aan die land gebring, maar dan vat dit my weer weg. Dit was so frustrerend.”

Toe dit oggend word, het hy besluit hy het genoeg gehad en homself probeer verdrink.

“Ek het vir God gesê: ‘Ek is klaar.’

“Ek het al die lug uit my longe gepers en in die water afgesink. Onder die water het ek my longe vol water gemaak, maar toe begin ek hoes.

“ ’n Mens hoor altyd dit is so ’n fantastiese manier om dood te gaan. Alles is glo veronderstel om blou te word en dan gaan jy in ’n koma in.

“Dit is nie so nie. Dit is verskriklik.

“Ek het na die oppervlak gekom en water opgegooi. Dit het deur my neus gekom en ek het gelê en hoes.”

Dit was net daarna dat hy sy kop gedraai en gesien het hoe die vissersboot Barrenjoey na hom aangevaar kom.

“Ek weet nou wat belangrik is en wat nie. Ek het al ’n paar mal goed in my lewe gedoen, maar dié is fundamenteel lewensveranderend. Ek besef nou die materiële dinge in die lewe is niks werd nie. Haat en jaloesie is net emosies waarop jy nie tyd kan mors nie.”

http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Lewe-vir-altyd-verander-20130502

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 587